waardeur hy sy onskuld wil bewys. Hy dit vrylik kan doen.

Jy sien, so u het vir die beskuldigde gesê as u beskuldig[illegible] jou eie gedagtes dink dat die verduideliking wat u het, sal verduideliking is wat sal volg tot jou vryspreking dan jy kan dit vir my sê? --- Nee, dit was nie die bedoeling.

Dit was nie die bedoeling. Maar jou woorde kan redelik vertolk of verstaan soos ek dit aan u gestel het? --- Enige persoon sal 'n verduideliking gee as dit daarop neerkom dat hy sy onskuld op een of ander wyse kan bewys. Hy is vry, hy is vry om dit te doen Edelagbare.

Maar u het verwag in jou waarskuwing aan die beskuldigde was 'n waarskuwing waar u hom gevra om iets te sê wat dui dat hy onskuldig is. Is dit reg? --- As dit die geval was sou hy dit gegee het.

Maar ek het nooit so 'n waarskuwing gehoor. Die gewone waarskuwing is hy is nie verplig om te praat, maar as hy praat die getuienis sal neergeskryf word en miskien kan dit in 'n hof deur die Staatsaanklaer gebruik teen u. Is dit reg? --- Daar is geen neergelegde reëls ten opsigte van die gee van 'n verduideliking of 'n waarskuwing nie. Vir my was dit belangrik gewees dat as die beskuldigde onskuldig is ek nie 'n onskuldig man in hegtenis moet neem nie.

Kaptein gewoonlik die waarskuwing is soos ek dit aan u gestel het. Is dit nie waar nie? --- Dit mag miskien ander lede van die mag se metodes wees maar myne mag in hierdie geval verskil.

Elke keer wat iets gevind is hulle het uitgekom en dan hierdie geselskap het plaasgevind. Is dit reg. Die woordewisseling het plaasgevind? --- Daar het 'n geselskap plaasgevind.

/In .......

In verband met Majabuja hy het 'n verduideliking aan u gegee dat dit wel syne was? --- Dit is korrek.

Dat dit wel syne was? --- Nee.

Watter verduideliking? --- Hy het nie vir my gesê dit behoort aan my nie.

Wat het hy gesê? --- Hy het vir my gesê hy kan nie onthou by wie hy dit gekry het nie. Ek het dit nog nie gelees nie.

Het u aan die vinder of dit sersant Bezuidenhout was of enige van jou ander kollegas, het u aan hulle gevra om presies waar hulle dit gevind het? --- Ja, ek het 'n aantekening daarvan gemaak.

Wat het hulle gesê? --- Tussen twee stoele. Maar ek het 'n aantekening gemaak wat ek aan die Hof kan uitlees.

Hulle het gesê dat hulle dit op die vloer gevind het, vieruur in die oggend in 'n kamer wat gebruik is as 'n slaapkamer, waar die beskuldigde se jong suster en die beskuldigde se twee kinder -? --- Nee, ek volg nie nou die vraag nie.

Of die kamer wat gebruik is waarin die beskuldigde se suster en twee kinders slaap? --- Dit is korrek, ek het drie persone daar gesien.

<u>DEUR DIE HOF</u>: Mnr. Joseph ek sien op <u>BEWYSSTUK C</u> agterop is daar 'n aantekeninkie gemaak, gevind op vloer tussen twee stoele in tweede slaapkamer op Vrydag 4 Maart.

<u>KRUISONDERVRAGING</u> (Verv): Baie dankie. Nou voor die hof staan 'n man wie aangekla is as 'n lid van die ANC. In die huis hy slaap. Die polisie is agter hulle klop op die deur. Hulle klop op die vensters. Die venster is gebreek, reg? --- Reg.

Daarna hy het opgestaan en die agterdeur van die huis

/oopgemaak ...

oopgemaak. Julle het buite vir hom gesê dat julle die polisie is? --- Beskuldigde en ek is baie goed aan mekaar bekend.

U ken hom. Sal u dit 'n bietjie meer oor u kennis met die beskuldigde. Het u hom op 'n vorige stadium interegeer? --- Beskuldigde het tydens die afgelope jaar en paar maande wat ek in Krugersdorp is, het ek met hom te doen gekry as persoon.

So hy weet -? --- Sy metode van godsdiensbeoefening. Tydens vergaderings wat 'n politieke kleur het.

Maar wat, ek stel belang in die feit dat die beskuldigde is in sy huis. Hy hoor die polisie is buite. Hulle wil binnekom. Kan u 'n verduideliking gee waarom hy daardie pamflet in die kamer gelos op die vloer. Hy weet julle is buite. Hy weet dat miskien jy sal die huis visenteer? --- Ek kan dit nie antwoord nie. Ek dink beskuldigde kan dit eerder antwoord.

Nou kaptein die polisie is in besit van baie dokumente soos daardie een, wettige besit. Is dit reg? --- Korrek, ja.

Hoe het dit gebeur dat die venster gebreek is? --- Na die beskuldigde nie die deur wou oopmaak nie, het ek opdrag gegee dat die stopverf van die vensters verwyder moet word. Waarna die venster gebreek is en daar toe deur middel van die kind gepoog was om beskuldigde wakker te kry om die huis oop te maak.

Is enige iets deur die venster gegooi? --- Nie tot my kennis nie.

Was u daar? --- Ek was saam met adjudant offisier Bezuidenhout by daardie venster gewees.

Op die stadium dat hy die venster gebreek het? --- Op die stadium dat hy die venster gebreek het.

/Hoe ........

Hoe het hy die venster gebreek? --- As ek reg onthou het hy 'n mes of 'n skerp voorwerp ingedruk om die stopverf los te maak. In daardie proses het die ruit gebreek.

Het stukkie gla s binne in die kamer ingeval? --- Ek kan nie sê of daar glasstukke ingeval het nie.

Het u deur daardie venster geloer voordat dit gebreek is? --- Skuinsweg, ja.

Wat het u gesien? --- Ek het drie persone gesien lê in die vertrek.

Met die lig van u flits? --- Met die lig van 'n flits, ja.

Waar is die stoele, die twee stoele in vergelyking met die plek op die vloer waar die kinders geslaap het? --- Edelagbare, van daardie posisie af, waar ek gestaan het het ek nie die stoele gesien nie, ek het net die voordeur

In die lig van hierdie flits? --- Dit is korrek, ja.

Het u twee stoele gesien? --- Ek het net een stoel gesien.

Dit is een van die stoele wat melding gemaak is op daardie pamflet. Dit is gevind op die vloer tussen twee stoele? --- Dit kan moontlik so wees.

Is daar enige ander stoele in daardie vertrek? ---

Ek het nie ander stoele gesien daar nie, ek het om die waarheid te praat net een stoel gesien daar.

<u>DEUR DIE HOF:</u> As ek u reg verstaan dan lyk dit vir my u aanvaar dat dit wel die stoel is, maar u kan dit nie positief sê nie, uit eie kennis nie?

/KRUISONDERVRAGING ......

KRUISONDERVRAGING (Verv): U het deur daardie venster geloer en u het dinge op die vloer gesien. U het twee kinders gesien hulle is besig om te slaap. Is dit reg? --- Drie kinders.

Drie kinders, maar laat ons net vir die rekord duidelikheid kry. Ons praat die twee kinders, die kinders van die beskuldigde en die ander persoon is sy suster? --- Dit het ek later verneem.

Het u net drie lyke gesien? --- Nee nie lyke nie, daar was nie lyke nie, want hulle was lewendig.

Wat het u gesien. Mense onder komberse? --- Drie persone wat duidelik nie dood is nie. Slapende persone.

Het u wat nog het u op die vloer gesien? --- Dan komberse en dan het ek die stoel gesien en die deur.

Daar was niks anders op daardie vloer? --- Nee nie wat ek van bewus was nie.

Het u die hele oppervlakte van die vloer gesien? --- Nee Edelagbare, ek kon nie die hele oppervlakte sien nie.

Watter deel het jy nie gesien nie? ---- Edelagbere, die gedeelte wat ek nie kon sien nie, is die gedeelte, die westelike gedeelte van die kamer.

Die westelike gedeelte? --- Daar het ek 'n stoel gesien. Dan die oostelike gedeelte eintlik die muur van die suidelike gedeelte het ek die drie kinders gesien lê. Maar wat teen die muur aan die noordelike gedeelte gestaan het, kon ek nie sien nie.

Kaptein hierdie perseel is op 'n hoek, is dit reg? --- Dit is 'n hoek.

Nou, watter rigting is oos en wes en noord? ---

Maar u praat die venster waar u gestaan het en deurgeloer het. Op watter kant is dit die westelike kant? --- Dit is die noordekant.

/Dit ........

- Dit is die noordelike kant. So u het in 'n suidelike rigting gekyk? --- Basies ja.

Die stoel was op die westelike kant of jou regterkant of jou linkerkant? --- Die westelike kant was die stoel aan my linkerkant.

Ek sien. Was die stoel wat u gesien het, was dit langs die muur? --- Nee, die stoel wat ek gesien het het nie langs die muur gestaan nie.

Hoe vêr van die muur? --- Dit is teen die muur maar -

Dit is teen die muur? --- Ek bedoel sy rugkant was nie teen die muur gewees nie.

Die voorkant was in die rigting van die muur? --- Die voorkant was in die rigting van die muur.

U kon die hele vloer voor u gesien het? --- Nie die hele vloer nie, gedeelte van die vloer.

Of daardie deel onmiddellik onder die venster. Ek aanvaar jy kon dit nie sien nie? --- Nee.

Maar die middel van die -? --- Verste punt vanaf die venster.

Min of meer 75% van die hele oppervlakte van die vloer? --- Nee, ek sal nie soveel sê nie, omtrent vyftig persent.

Hoeveel? Vyftig? --- Ja vyftig persent.

Jy het nie die pamflet op die vloer gesien nie? --- Nee. Ek weet nie na watter pamflet verwys u nie.

Verskoon my ek verwys na BEWYSSTUK C . Jy het dit nie gesien nie? --- Nee. ek het dit nie gesien ie.

Die beskuldigde se voertuig is ook gevisenteer? --- Jammer ek volg nie Edelagbare.

Jammer het jy nie gehoor nie. Die beskuldigde se voertuig is ook gevisenteer. Die voertuig, sy moter? ---

---

'n Leër is daar gevind? --- 'n Leër?

Ja, dit het iets te doen met 'n kerk? --- Ek het nie aantekenings gemaak nie.

Sê dat die beskuldigde gearresteer is deur uself. U het op sekere stadiums probeer om die beskuldigde te interegeer? --- Nee, op geen stadium het ek probeer nie.

Geen stadium? --- Om hom te ondervra nie.

Geen stadium? --- Ek het hom eenmaal gesien die aand daarna.

Jy het hom gevra om 'n verklaring te maak, 'n vrywillige verklaring? --- Nee.

Waarom nie? --- U sal onthou

Soos ek u getuienis verstaan. Jy weet nie of hierdie die klere het enige betrekking tot die ANC? ---

Ek aanvaar dit en ek verstaan dit. Nou, hier is die posisie, die man het 'n verduideliking aan u gegee wat u nie

/bereid .......

te aanvaar as die waarheid. Is dit reg? ---

y nie op 'n ander stadium probeer om hom vrae
m 'n verduideliking, 'n skriftelike verduideliking
kry? ---

u hom gevra of hy enige toestemming verkry het om
sit van <u>BEWYSSTUK C</u> te wees? ---

nom nie? --- Dit is baie duidelik dat toestemming
ie aard om in besit te wees van.

r is geen kans hoegenaamd -? ---

met kennis van die feit dat toestemming is met
n mense wat besig is met akademiese navorsing en
s dit? ---

Nou elke keer as iets gevind is, al drie van jou kollegas en die beskuldigde het van daardie kamer na die sitkamer gestap? --- Dit is reg.

Waarom? Waarom het julle daardie metode gebruik? ---

Maar as hulle iets gevind het en hulle kom terug na u hulle los die goedere saam met u hulle gaan terug en die ander gaan terug en vind iets anders, dan u het voor u al die bewysstukke, waarom het u nie op daardie stadium gevra in verband met al die bewysstukke nie? --- Nee.

Maar van u die standpunt as hy as die offisier in bevel, is dit nie beter vir u om al die bewysstukke in die hande te kry. Omdat as jy al die bewysstukke het dan jy kan sien of die man die waarheid praat of nie. Met ander woorde die eerste ding wat gevind is byvoorbeeld is die twee doeke. Laat ons praat oor daardie twee doeke. Waarom was u agterdogtig in verband met daardie twee doeke?

DEUR DIE HOF: Bewysstuk?

KRUISONDERVRAGING (Verv): BEWYSSTUKKE 5a en b?

Ek sal herhaal, waarom was u agterdogtig in verband met daardie doeke? ---

Daardie materiaal word van tyd tot tyd die RSA ingesmokkel soortgelyke materiaal ten einde deel te vorm van hulle propaganda set.

Nou net vir die rekords hierdie antwoord is nie getuienis teen die beskuldigde nie, net rede waarom die getuie agterdogtig was?

Laat ons daardie materiaal sien, miskien as jy dit oopmaak. Nou jy het nie melding gemaak in jou hoofgetuienis toe u 'n volledig beskrywing gegee het van die materiaal. Jy het nie melding gemaak van die feit dat op die materiaal is 'n prentjie van 'n vrugte of iets soos 'n aarbei. Is dit reg? Om die grens? --- Ek weet nie watter prentjie dit is nie.

Wat is dit, die prentjie wat in jou regterhand is, daardie een? --- Dit kan moontlik 'n aarbei wees ja. Maar aarbei verteenwoordig ook Arbei is simbolies van hard werk.

DEUR DIE HOF: Nee, ek dink daar is nou, ons praat nie van arbeid nie. Ek praat van 'n aarbei, 'n vrug? --- Dit kan moontlik 'n aarbei wees. 'n Aarbei verteenwoordig ook arbeidsaamheid.

KRUISONDERVRAGING (Verv): Ons vind ook die eerste deel van die materiaal, dit is min of meer die tekens wat 'n persoon vind op

Nee, maar jy verstaan wat ek bedoel? --- Ek verstaan wat die advokaat bedoel ja. Lyk dit nie soos 'n "spade" wat 'n persoon vind op speelkaarte? --- Nee, daar is nie 'n nommer op nie.

Sonder die nommer, sonder die prentjie van die koninging.

/Ja .....

--- ... hoortgelyk aan ... wees.

... is "clubs"? --- Dit kan miskien

s, maar ... nie 'n kaart ...

clubs"? - ... Ja.

: Om dit ... Afrikaans te stel ek dink dit

meer dieselfde ding as skoppens en klawers.

HAGING (...): Dit is die meeste deel van.

... u kan ... belagbare help ek weet nie of ek

klere van Inkata. Is hierdie klere die klere

--- Nee, ... is nie die klere van Inkata nie.

is Inkata se klere? ---

das is geel groen en swart? ---

vlag? Wat is die kleur van die vlag van Inkata?

die, u stem saam met my dat ... hierdie kleure is gevind

g, Inkata vlag? Groen, geel en swart?

die ANC 'n simbool wat in gebruik "clubs en spades"?

het in my hande, hierdie een is BEWYSSTUK A,

... 1, dit was die eerste een. Op hierdie bewysstuk

... ons kry prentjies van drie mense. Kan u, weet

... is, hierdie drie mense? --- Uit my ondervinding

... waar ek van tyd tot tyd insae het in die

... van die African National Congress simboliseer

/die .......

die mannetjie met die [illegible] van die assegaai, die militêre kleure van die ANC.

Is daardie reg? ---

Maar jy het dit nie in jou hoofgetuienis gesê? --- Omdat ek nie 'n deskundig is nie.

Maar wat ek wil aan u stel is die volgende. U het gesien dat die rotsprentjies wat is gevind?

Ja, dit is waaroor ek praat?

DEUR DIE HOF: Rotstekeninge? --- Ek het nog nooit so 'n rotstekening gesien nie.

KRUISONDERVRAGING (Verv): Nog nie gesien nie? --- Nog nooit gesien nie.

Maar sal u aanvaar vir 'n persoon wat nie 'n deskundige is in die ANC of daardie rotsprentjies dit lyk soos 'n rotsprentjie. Sal u dit nie aanvaar nie? --- Nee.

Waarom nie? --- Omdat dit nie so lyk nie.

Maar jy is nie 'n deskundige?

U was baie gelukkig met die beskuldigde?

Ek vra nie hierdie vraag, hierdie antwoord is ontoelaatbaar. Nou u was baie gelukkig met hierdie beskuldigde?

DEUR DIE HOF: Bedoel u tevrede?

KRUISONDERVRAGING (Verv): Tevrede? ---

Hy het alles geantwoord? ---

/Hy .......

Hy het erken jou eerste vraag voordat jou kollegas het begin om die huis te visenteer. Die volgende vraag soos ek onthou. Behoort alles in die huis aan u en sy antwoord was ja. Is dit reg? ---

Maar dit kon nie reg wees nie? ---

Alles wat in daardie huis teenwoordig was behoort nie aan die beskuldigde? ---

Die beskuldigde se suster se klere behoort dit aan die beskuldigde? ---

Ja, het u gesê? ---

Nou wat dink u? ---

Ja, dit was haar suster se goedere, reg? ---

So tot 'n mate sy antwoord was nie heeltemal reg nie? ---

Nou, daardie vrae het u aan hom gestel voordat enige iets gevind is? --- Dit is korrek.

Nou waarom? --- Dit is my manier van doen.

Die is nie billik nie, is dit? --- Dit is heeltemal billik.

Met ander woorde jy kry jou antwoord wat nie in die beskuldigde se guns is nie voordat u begin om die huis te visenteer? --- Ek sien dat dit inderdaad 'n geleentheid is wat gebied word aan enige persoon om as daar iets is in sy huis wat hy voel hy nie mag besit nie net daar oor te gee dat dit nie syne is nie.

Met ander woorde dat as hy weet dat dit hier was of onder sy bed is daar tasse en u verwag dat hy kom en sê hier is die tasse ek erken dit was onder my bed en dit was nie myne? Hier is die Majabuja, ek erken dit is in my huis, ditis nie myne. Dit is jou metode? --- Dit is my metode.

Dit baie billik is?

Ja, wat u doen is voordat u het enige rede om te dink dat 'n spesifieke item is in die huis en voordat u en u kollegas dit gevind het, alreeds u impliseer die beskuldigde hy -? --- Nee, ek kan nie daarmee saamstem nie.

Maar dit is jou getuienis? --- Nee, my getuienis is om vir enige persoon die geleentheid te gee as hy enige goed het wat in daardie huis is wat nie aan hom behoort nie kan hy dit gee en sê hierdie goed behoort nie aan my nie.

Is dit nie "putting the card before the horse"? --- Nee.

Maar die moeilikheid ek het met jou metode is die volgende. Iets is gevind, u volg min of meer die regters reëls. U gee aan die man 'n kans om verduideliking te gee en jy sê vir hom dit is nie nodig om te antwoord. Is dit reg? --- Heeltemal korrek.

Nou dit is soos 'n persoon verwag dat 'n polisieman homself in hierdie omstandighede voorkom. Nie vir u om te besluit of hy skuldig is. U doel is om die getuienis in te samel en iemand anders sal besluit. Maar u begin met die vraag is alles in hierdie huis joune. Jy weet die rede waarom en daardie vraag aan hom gestel. Is dit reg? ---

/Wat .....

Wat is die rede? --- Om hierdie persoon geleentheid te gee om sy onskuld te bewys. Dit is basies die belangrikste.

Maar hy was nog nie skuldig, daar was geen getuienis teen hom. Op daardie stadium? ---

Wel, dit is die rede waarom jou metode so snaaks is. Jy begin -.

<u>AANKLAER:</u> Met respek, ek dink my geleerde vriend is besig met 'n argument. Dit is nie pertinente vrae nie. Die getuie het reeds daarop geantwoord en dit is basies 'n argument.

<u>DEUR DIE HOF:</u> Dit is basies 'n argument maar mnr. die aanklaer ek sal dit toelaat.

<u>KRUISONDERVRAGING</u> (Verv): Daar is 'n ander rede waarom u daardie vraag aan hom gestel het. Die een rede is om vir hom 'n kans te gee om vry te kom met sy verduideliking. Maar daar is 'n ander rede, is daar nie 'n ander rede nie? ---

Nee, ek weet nie wat die ander rede is. Kaptein jy weet dat erkennings wat deur 'n beskuldigde buite 'n hof daardie erkennings is toelaatbaar teen hom gedurende verhoor? Jy het kennis van daardie feit? --- Ja.

Die rede waarom u daardie vraag gevra het was as dit sou kom dat u iets gevind het dan u het getuienis teen hom omdat hy erken dat alles wat in die huis is behoort aan hom? --- Dit is so.

Ja, dankie? ---

Met een verskil. Voordat die vraag gevra is en voordat die antwoord geantwoord is jy het geen getuienis hoegenaamd. As hy erken dat alles in sy huis behoort aan hom dan jy het

/getuienis ......

getuienis teen hom dat as 'n erkenning dat hy is in besit van iets wat verbode is? ---

DEUR DIE HOF: Van waar af as hy erken dit is syne hy erken hy is in besit daarvan?

KRUISONDERVRAGING (Verv): As hy erken dat alles wat in sy huis is behoort aan hom en daar iets gevind is, dan -.

DEUR DIE HOF: Is dit 'n erkenning van besit?

KRUISONDERVRAGING (Verv): Ek los uit of dit 'n wettige besit is of iets soos dit, maar dit begin met getuienis teen hom. Nou, in die begin hy het erken dat alles watin sy huis is behoort aan hom. Waar was dit nodig op die stadium toe u die hemp gevind het om vir hom te vra, is hierdie hemp joune? --- Ek het hom nie gevra nie.

Wat het u gevra? --- Ek het hom 'n verduideliking gevra oor die hemp en toe sê hy hy het dit gekoop by 'n onbekende vrou in die straat.

Wat is jou getuienis nou, wat is jou afleiding wat jy gemaak het. Dit behoort die volwasse hemp aan die beskuldigde? --- Wel, hy het nie gesê dit is nie syne nie. Toe het ek aanvaar dit is syne.

Ja, maar in die begin het jy getuienis gekry. Hy het aanvaar, hy erken dat alles wat in die huis gevind is behoort aan hom? --- Hy het vir my 'n verduideliking gegee oor die hemp.

Nou kaptein doen my 'n guns asseblief. Daardie twee bewysstukke die een met die groot kaart en die ander een

DEUR DIE HOF: Is dit die regte bewysstuk u het dit nie genoem nie mnr. Joseph. Jy het dit nie op die masjien genoem nie.

...et weet watter jy nou na verwys.

...NVRAGING (Verv): Die ... in jou regterhand ... daardi-

...

HOF: BEWYSSTUK 3.

...NVRAGING (Verv): Daardie hemp lyk vir my asof dit ...nuut is. Daar is geen tekens dat dit gewas is ... van die aard nie? --- ... het geen kennis daarvan

...aar u ken klere u het u ... klere en jy het klere by ... gekoop? ---

...t lyk vir jou dat die hemp is gestryk. Dit lyk ...f iemand het daardie hemp gewas? ---

...aar as iemand het daardie hemp aan u gewys en gesê ... hemp is splinternuut sal u dit ontken? ---

... het nie jou antwoord ... gehoor? ---

... selfde met hierdie hemp? Dit is BEWYSSTUK 2? ---

... twee hulle is BEWYSSTUK 4 a en b? ---

...at u kan sê is hierdie klere is nie jare oud en dit gereeld gewas? ---

...at u die beskuldigde se antwoorde op die vrae, het u ...skuldigde se antwoorde neergeskryf op enige stadium? ... het.

001358

--- Nee, dit is ni

ryf? ---

a? ---

t en geskrywe? ---
e beskuldigde gearresteer het

tein? ---
ie? ---
. ontken dat, laat ek nou ander
ldigde sal erken dat dit in
b, en BEWYSSTUK 2 dat hy het
hemde by 'n swart vrou in die
rkan, jammer in verband met
t iemand het dit vir hom gemaak.
WYSSTUK 2?
emand het dit vir hom gemaak.
u stellings was eers, hy het
swartvrou gekoop het.
begaan.
ling lei -?
Mag ek die beskuldigde nader
is reg, die tweede stelling dat
gemaak.
ling dan lei beskuldigde sal
YSSTUKKE 5a en b en 2 iemand

/het ....

het dit vir hom gemaak.

001359

KRUISONDERVRAGING (Verv): Ja, en hy het daardie erkenning aan die getuie gemaak. Hy het dit aan die getuie gesê. --- Dit is nie wat hy vir my gesê het nie.

Ek het nog 'n, jammer, dit is 4 a en b is die hemde wat behoort aan die kinders.

DEUR DIE HOF: 4a en b. Daardie vraag is gestel en daardie vraag is geantwoord. Volgende vraag is BEWYSSTUK 4a en b.

MNR. JOSEPH: Nee, nie BEWYSSTUK 4a en b nie. Laat ek oor begin. 1

DEUR DIE HOF: Trek jy nou al die vrae terug?

KRUISONDERVRAGING (Verv): In verband met 4a en b die kinders se hemde in hierdie verband het hy vir u gesê dat die hemde is deur iemand gemaak. Iemand het dit gemaak? ---

Dieselfde in verband met BEWYSSTUK 2? --- Dat iemand dit gemaak het?

Ja? ---

In verband met BEWYSSTUK 1 en twee doeke hulle is 5a en b dit is gekoop. Van 'n swart vrou in die straat? 2 ---

Met ander woorde hy ontken die res van jou getuienis waar dit is nie ooreen met die stellings wat ek nou aan u gestel het?

Hy ook ontken dat u het hom gevra nadat elke bewysstuk gevind is? ---

Hy sê nadat alles gevind is het u hom gevra? --- 3

/Kaptein ....

001360

Kaptein u het gesien hoe sersant Bezuidenhout daardie venster gebreek het nie? ---

GEEN VERDERE VRAE.

HERONDERVRA DEUR AANKLAER: Kaptein tydens kruisverhoor is aan u gesê dat u op hoogte is met die wetsimplikasies van erkennings buite die hof gemaak ensovoorts. Is u ook bekend met die spesifieke wetsbepalings ten opsigte van bekentenisse? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE.

MNR. JOSEPH: Net een aspek. Ek het dit nie pertinent gesê maar ek wil dit pertinent sê. Die beskuldigde ontken dat hy erken dat die Kajabuja BEWYSSTUK C in sy besit was. Sy getuienis is dat hy weet niks van daardie pamflet? ---

DEUR DIE HOF: Alle kennis van BEWYSSTUK C, daar staan Kajabuja op een van die hemde?

Van BEWYSSTUK C ontken. So u stem saam met die stelling. U sê net dit het by die kantoor plaasgevind en nie op die toneel nie? ----

Dankie.

---

CORNELIUS JOHANNES BEZUIDENHOUT; beëdig verklaar:

ONDERVRA DEUR AANKLAER: U is adjudant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te veiligheidstak, Krugersdorp? --- Dit is korrek.

/ADJUDANT .....

Adjudant op 4 Maart 1985 ongeveer vieruur die oggend het u vergesel van ander lede na 3156 Kagiso gegaan? --- Dit is korrek.

**DEUR DIE HOF:** Wat is die nommer?

**HOOFGETUIENIS** (Verv): 3156. Wie se huis is dit adjudant? --- Dit is die beskuldigde se huis.

Kan u asseblief vir die hof die gebeure skets wat daar plaasgevind het? --- Met ons aankoms by die huis het ek en die ander lede na die voorkant van die huis gegaan. Kaptein Kruger het aan die deur van die huis geklop. Ons het geen reaksie gekry nie. Luitenant Lubbe en adjudant offisier Megwe is na die agterkant van die huis. Ek en kaptein Kruger was aan die voorkant. Ons het nog aan die deur geklop aan die venster geklop. Ons het onsself geïdentifiseer en gesê wat ons daar kom doen. Ek het 'n venster se stopverf uitgehaal met my knipmes. In 'n poging om die venster uit te haal het die ruit gebreek. Toe ek met my flitslig binne in die vertrek geskyn. Gemerk dat daar drie persone op die grond lê en slaap. Daar is diefwering voor die venster. By die venster staan 'n kartonhouer. Daar was skoene bo-op hierdie kartonhouer gewees. Ons het na die mense geroep, die slapende mense binne in die vertrek. Kon geen reaksie kry nie. Ek het een van hierdie skoene geneem en dit na die slapende persone gegooi. 'n Swart vrou het gevra wat ons wil hê. Ek het vir haar gesê wie ons is. Haar versoek om die eienaar van die huis aan te sê om die deur van die huis oop te sluit. Sy is toe uit die vertrek. Luitenant Lubbe het toe na ons geroep waarna ons, ek en kaptein Kruger na die agterkant van die huis is. Die Beskuldigde het die agterdeur vir ons oopgemaak. Kaptein Kruger het ons aan hom voorgestel, aan hom gesê dat ons 'n

/lasbrief .......

lasbrief het om sy huis te deursoek. Ons is toe die huis binne na die eetkamer. Waar kaptein Kruger die lasbrief aan die beskuldigde voorgelees het. Kaptein Kruger het toe vir hom gesê dat ek die deursoeking van sy huis sal waarneem. Dat luitenant Lubbe en Adjudant offisier Megwe slegs sal bystaan en die goedere sal terugpak nadat ek dit uitgepak het. Die beskuldigde se vour het ook die vertek binnegekom. Sy het ook by die eetkamer tafel by kaptein Kruger gaan sit. Waarop ek, luitenant Lubbe, adjudant offisier Megwe en die beskuldigde na sy slaapkamer is. In die slaapkamer het ek eers die spieëlkas deursoek, daarna die bed. Toe is ek na die hangkas. Bo-op die hangkas was 'n sak gewees, 'n groen dra sak. Wat ek afgehaal het. Ek het die sak oopgemaak, gevind dat daar 'n ligbruin handsak binne in die sak was. Ek het hierdie handsak oopgemaak en hierdie hemp in die handsak gevind. Hierdie een met die woorde Amandla power.

DEUR DIE HOF: BEWYSSTUK 1 dus.

HOOFGETUIENIS (Verv): Dit is korrek? --- Ek het die hemp oopgevou, gemerk dat die woorde Amandla power, Natla op die hemp staan.

DEUR DIE HOF: Ja, maar dit is net beskrywing, moet nie weer die besonderhede daarvan gee nie.

HOOFGETUIENIS (Verv): Soos die hof behaag. Adjudant wat het u met die hemp gemaak? --- Ek het daarna die hemp geneem ek, die beskuldigde, luitenant Lubbe en adjudant offisier Megwe is toe na die eetkamer. Waar ek die hemp aan kaptein Kruger oorhandig het. Ook aan hom gesê het waar ek dit gevind het. Kaptein Kruger het toe neergeskryf waar die hemp gevind was en aan die beskuldigde 'n verduideliking gevra oor die hemp. Hy het gesê hy is 'n lid van Inkata en

/dit ......

dit is Inkata se kleredrag. Ons is daarna terug na die beskuldigde se slaapkamer waar ek die hangkas binne deursoek het. Binne in die hangkas tussen 'n aantal opgevoude hemde het ek 'n geel hemp gevind met 'n groen Afrika landkaart daarop.

DEUR DIE HOF: Identifiseer, die hemp is beskryf volledig. --- Dit is BEWYSSTUK 2. Ons is toe almal weer na kaptein Kruger waar ek die hemp aan hom oorhandig het. Ons is toe terug na die slaapkamer waar ek tussen die oorblywende hemde hierdie geel hemp gevind het. BEWYSSTUK 3. Ons het daarvandaan af weer na kaptein Kruger toe waar ek die hemp aan hom oorhandig het. Ons is toe weer terug na die slaapkamer waar ek die kas klaar deursoek het.

Dieselfde kas? --- Dieselfde kas. Luitenant Lubbe en adjudant offisier Megwe het die goedere terug gepak en ons is toe na die tweede slaapkamer toe. Binne in die slaapkamer het drie persone op die grond gelê. Een van die persone was die jeugdige wat die persone gaan roep het. Sy was wakker en ek het haar versoek om die vertrek te verlaat. In die hoek van die vertrek staan 'n kartonhouer bo-op 'n stoel. Ek het begin om hierdie kartonhouer te deursoek. Daar was skrene bo-op gewees en 'n aantal papiere, documente boeke en goed. Tydens die deursoeking het van die goed afgeval op die vloer. Ek het die goed op die vloer gelos. 'n Telefoonboekie wat ons daar gekry het, het ons na kaptein Kruger toe geneem. Ons het terug gekom na die vertrek toe. Langs hierdie kartonhouer as 'n mens voor hom staan aan sy linkerkant staan ook 'n stoel met twee tasse op. Ek het die boonste tas, bruin tas deursoek en twee kinderhempies, geelkleurige kinderhempies daarin gevind. Dit is BEWYSSTUKKE 4a en 4b. Ons is toe almal daarvandaan af na kaptein Kruger

/toe ......

toe waar ek die hempies ook aan hom oorhandig het. Aan hom gesê het waar ek ditgevind het. Ons is daarvandaan af weer terug na die kamer toe waar ek 'n tweede tas, 'n swarte deursoek het. Ek het die twee stukke materiaal BEWYSSTUKKE 5a en 5b in die tweede tas gevind het. Ek het hierdie bewysstukke ook na kaptein Kruger toe gevat en aan hom oorhandig. Ons is toe weer terug na die slaapkamer toe waar ek die tas afgehaal het van die stoel af. Tussen die papiere wat op die vloer gelê het het ek 'n dokument gekry wat opgevou was. Ek het dit oopgemaak en gesien dat dit 'n Majabuja tydskrif is. Dit is bewysstuk C. Ek het toe die bewysstuk ook na kaptein Kruger toe geneem. Aan hom gesê waar ek dit gekry het.

HOOFGETUIENIS (Verv): Adjudant u het gesê ten opsigte van BEWYSSTUK 1 beskuldigde verduidelik het dat dit van Inkata is. Ten opsigte van BEWYSSTUKKE, die ander bewysstukke is daar ook 'n verduideliking gegee of nie? --- Ja, daar was verduideliking gevra wees en gegee.

Kan u onthou watter verduideliking gegee is ten opsigte van elke verdere bewysstuk? --- Ten opsigte van BEWYSSTUK 2 het die beskuldigde gesê dat dit syne is en dat hy dit by 'n onbekende swart vrou in die straat gekoop het. Ten opsigte van BEWYSSTUK 3 was die verduideliking basies dieselfde gewees. BEWYSSTUKKE 4a en b het hy gesê dat hy dit vir sy kinders gekoop het by die onbekende swart vrou in die straat. BEWYSSTUKKE 5a en b ook gesê dat hy dit by 'n onbekende swart vrou in die straat vir sy vrou gekoop het.

Ten opsigte van BEWYSSTUK C. Dit is die dokument Majebuja, kan u onthou of hy daar 'n verduideliking gegee het? --- Hy het gesê nadat kaptein Kruger hom gevra het wie s'n is dit hierdie het hy gesê hy weet nie, hy het dit nog nie

/gelees ......

001365

gelees nie.

Nadat u al die items gevind het wat het u daarna gedoen, wat het daarna gebeur? --- Ons is toe na buite waar kaptein Kruger aan hom gesê het dat ons sy voertuig gaan deursoek. Ek het toe die voertuig ook deursoek. Nadat ek klaar was met die deursoeking van die voertuig het kaptein Kruger aan die beskuldigde gevra waar sy lidmaatskapkaart van Inkata is. Hy het toe geantwoord dat hy nie weet waar dit is nie.

Adjudant het u by die polisiekantore 'n verdere gesprek met beskuldigde gehad? --- Ja, ek het.

Kan u dalk kortliks die strekking daarvan gee? --- Toe ons by die kantoor gekom het het ek 'n notas geskryf die wat nou aan die BEWYSSTUKKE vasgeheg is ten opsigte van elke item waar ek dit gevind het. Beskuldigde gevra om dit te teken. Wat hy ook gedoen het.

Wat was beskuldigde se houding met betrekking tot BEWYSSTUK C die Majabuja publikasie? --- By die kantoor het hy ontken dat dit syne is.

Adjudant tydens die deursoeking van die beskuldigde se huis, het u met die beskuldigde gepraat? --- Ek het maar gevra wie se kas is dit hierdie, die tipe van vraag wat 'n mens maar daarso tydens die deursoeking vra. Wie se goed is dit?

DEUR DIE HOF: Maar is dit meer in die algemeen te wees? --- Ja dit was nou meer in die algemeen gewees.

HOOFGETUIENIS (Verv): Ten opsigte van die bewysstukke voor die hof spesifiek deur wie is die ondervraging gedoen? --- Deur kaptein Kruger.

Terwyl u die bewysstukke gevind het was die beskuldigde die heel tyd teenwoordig? --- Ja.

/Adjudant ......

Adjudant het die huis het dit elektriese ligte of kersligte of wat se tipe ligte het dit? --- Daar is nie elektrisiteit nie, ons het van flitsligte gebruik gemaak. In die eetkamer het 'n kers gebrand.

GEEN VERDERE VRAE.

DEUR DIE HOF: Die hof sal eers verdaag tot hoe laat, kwart voor.

HOF VERDAAG

HOF HERVAT:

DEUR DIE HOF: U is nog onder eed om die waarheid te praat, verstaan u? --- Ek verstaan.

KRUISONDERVRA DEUR MNR. JOSEPH: Terwyl u was by die huis van die beskuldigde het u enige notas gemaak? --- Nee.

Het u 'n verklaring op enige stadium neergeskryf? --- nadat ek by die kantoor gekom het, het ek 'n verklaring geskryf.

Kan u onthou hoe laat gedurende die dag? --- Dit was seker so ongeveer twaalf uur gewees.

U was alleen terwyl u jou verklaring geskryf het? --- Ja.

Het jy met enige ander van jou kollegas gepraat voordat jy jou verklaring geskryf het? --- Ja, ons het gepraat, ons het saam tee gedrink.

Het u gepraat oor die saak? --- Ja, ons het daaroor gepraat.

U het jou geheue verfris? ---- Dit is nou.

Nee, op die stadium voordat jy jou verklaring geskryf het? --- Nee, dit was nie nodig gewees om my geheue te verfris op daardie stadium nie.

Kaptein Kruger is die persoon wat die vrae aan die beskuldigde gestel het? --- Dit is korrek.

/op -........

Op die stadium dat u die bewysstukke na die eetkamer geneem het? --- Dit is korrek.

Ek verwag dat in jou verklaring jy het geskryf waar jy die goedere gevind het? --- Dit is korrek.

Wat nog is in jou verklaring? --- Basies waaroor ek getuig het.

Het u kaptein Kruger se vrae aan die beskuldigde geskryf --- Nee.

Die beskuldigde se antwoorde geskryf? --- Nee, ek het maar net die wat ek kan onthou wat hy vir hom daar gevra het op die stadium tydens die deursoeking het ek in my verklaring opgeneem.

Kaptein Kruger het die beskuldigde se antwoorde geskryf? --- Ja, hy het.

By die huis? -- By die huis.

U onthou dat kaptein Kruger het die beskuldigde gewaarsku? --- Dit is korrek.

Op elke geleentheid dat u nuwe artikel of klere gevind het? --- Hy het hom aanvanklik gewaarsku, daarna het hy maar net elke slag vir hom gesê dat jy gewaarsku was en dat jy nie verplig is om te antwoord nie en of jy my 'n verduideliking kan gee op hierdie voorwerp wat gevind is.

Jy het daardie gewaarsku of die feit dat kaptein die beskuldigde gewaarsku het jy het dit nie in jou verklaring geskryf? --- Ek het maar net geskryf dat die kaptein hom wel gewaarsku het.

Jy het dit geskryf? --- Dit is in my verklaring ja.

Waarom? --- Dit is maar om die gang van die ding agter mekaar te kry in logiese volgorde.

Maar jy het nie die antwoorde geskryf? --- Nee, die antwoorde het ek nie neergeskryf nie. Dit was vir my nie

/nodig ......

nodig gewees nie aangesien kaptein Kruger in bevel was van die deursoeking en hy die antwoorde afgeneem het.

Waarom het u dan die waarskuwing neergeskryf? --- Dit maak maar deel uit van die verklaring.

Nou hierdie skoen u het dit gegooi, u het dit in die kamer gevind en u het dit gegooi? --- Dit is korrek.

Kaptein Kruger was langs u? --- Dit is korrek.

Hy het dit nie gesien nie? --- Hy kon dit gesien het. Ek weet nie of hy sou gesien het nie, dit was donker binne in die vertrek.

Waar was jou flits? --- In my hand gewees.

Aangeskakel? --- Ja, hy was aangeskakel gewees.

In watter rigting was dit gemik? --- Hy het na die binnekant van die vertrek gewys, die lig het na die binnekant van die vertrek gewys.

So dit was nie heeltemal donker binne die kamer? --- Nee.

Nou u het deur daardie venster geloer? --- Dit is korrek.

Het u die hele oppervlakte van die vloer gesien? --- Nee.

Watter deel het u nie gesien nie? --- Ek sou sê die deel hierso aan die linkerkant waar ek gestaan het voor die venster teen die muur af kon ek nie sien nie.

Behalwe daardie deel die hele oppervlakte van die vloer? --- Ja, behalwe natuurlik waar 'n mens inkom by die deur, waar die deur oopgestaan het. Daar aan die anderkant van die deur kon 'n mens nou nie sien nie.

U het die venster gebreek? --- Dit is korrek.

Hoe het dit gebeur? --- Nadat ek die stopverf uitgehaal het, het ek die venster probeer uitlig. Maar die stopverf aan die agterkant van die ruit het die venster vasgehou. Met

/die .........

die uittrek daar van het die ruit gebreek.

So jy was by daardie venster vir 'n lang tyd? --- Ja, ek was 'n rukkie daar gewees.

Om die "putty" uit te haal? --- Ja, dit het nie so lank geneem nie.

Nie so lank nie? --- Nee.

Min of meer hoe lank? --- Sê ongeveer 'n minuut.

Ongeveer 'n minuut om die, wat is die korrekte woord vir putti om die stopverf uit te haal? --- Ja, 'n mens moet dit uitsny, dit is hard, dit het al droog geword. Dit is nie baie maklik nie.

Het u tevore probeer om 'n venster of 'n ruit uit te haal met hierdie metode? --- Nie op hierdie metode nie, maar ek het al vensters en ruite uitgehaal.

Nie hierdie metode nie? --- Nee.

Daar was net een stoel in daardie kamer? --- Nee, daar was twee stoele gewees.

BEWYSSTUK C dit is die pamflet Majabuja het op die vloer gelê? --- Dit is korrek.

Is jy seker dat elke keer dat iets gevind is beslag gelê is u het na kaptein Kruger gegaan? --- Ja. Behalwe toe ek die telefoon boekie gevind het. Het ek dit net om die deur aan kapteinKruger oorhandig, nie almal uit die vertrek uit daaroor nie.

Jou kolleggas Lubbe en Magwe die swart polisieman wat was hulle besig om te doen terwyl u die hangkas byvoorbeeld gevisenteer het? --- Hulle het net daar gestaan en kyk. Hulle het op daardie tydstip reeds die goedere wat ek uit die spieëlkas uitgehaal het terug gepak en die bed is uit die aard van die saak niks wat terug gepak kan word nie.

BEWYSSTUK E is gevind op die hangkas in 'n groen sak, maar eintlik in 'n bruin sak wat binne in die groen sak was?

**Collection Number: AK2145**

**KRUGERSDORP RESIDENTS' ORGANISATION AND 4 OTHERS v. THE MINISTER OF LAW AND ORDER AND 2 OTHERS 1986**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.